| | |
|---|---|
| Rapporteerbaar: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Regters: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Landdroste: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Streeklanddroste: | Ja / Nee |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Afdeling)

Saak No: CA&R 116/2007
Saak Aangehoor: 16/02/2009
Datum gelewer: 20/02/2009

**In die saak tussen:**

DUBBEL RING TRADING 172 (EIENDOMS) BPK — Appellant

en

SANTAM BEPERK — Respondent

**Coram: Olivier R et Mabuse WnR**

## UITSPRAAK

**Olivier R:**

1. Die respondent, Santam Beperk, het in die Landdroshof te Kakamas aksie ingestel teen die appellant, wat in die dagvaarding en besonderhede van vordering beskryf is as Dubbel Ring Trading 172 (Edms) Bpk (registrasienommer 95/00123/07). Die eis was vir die betaling van premies wat volgens die respondent verskuldig was uit hoofde van drie versekeringskontrakte teen haelskade op wingerdoeste.

2. In die verweerskrif is dié beskrywing van die appellant (as verweerder) as korrek erken. Daar is egter ontken dat mnr J P de

Wet gemagtig was om die kontrakte namens die verweerder te onderteken en aan te gaan, en daar is ontken "*dat die eiser en die verweerder kontrakte met mekaar gesluit het*". Die bewering dat die respondent sy verpligtinge uit hoofde van die kontrakte nagekom het, is ook eenvoudig ontken.

3. Ná afsluiting van beide sake in die Landdroshof het die respondent aansoek gedoen om 'n wysiging van sy pleitstukke om die verweerder se beskrywing te verander na Hiljohn Boerdery (Edms) Bpk. Ten spyte van beswaar is so 'n wysiging toegestaan.

4. Vonnis is vir die respondent verleen ooreenkomstig die smeekbedes in die besonderhede van vordering, met inbegrip van verhoogde advokaatsfooie.

5. Die appellant kom op appèl teen die geheel van die landdros se uitspraak en kostebevele. Die gronde van appèl kan kortliks soos volg saamgevat word.

5.1. Die landdros moes nie die wysiging toegestaan het nie. Die landdros moes bevind het dat die kontrakte gesluit is met Dubbel Ring Trading 172 Bdy (soos wat die versekerde in die kontrakte beskryf is), terwyl die verweerder in die eiser se dagvaarding en besonderhede van vordering beskryf is as Dubbel Ring Trading 172 (Edms) Bpk (die verskil synde dan in die feit dat die benaming in die kontrakte geëindig het met die afkorting "*Bdy*" vir "*Boerdery*", terwyl dié op die pleitstukke nie dié afkorting bevat het nie, maar wel die bekende "*(Edms) Bpk*"), en dat die appellant eintlik 'n maatskappy genaamd Double Ring Trading 172 (Edms) Bpk (met registrasienommer 2004/018526/07) was wat sy naam verander het na Hiljohn Boerdery (Eiendoms) Beperk. Die submissies is skynbaar dat die maatskappy beskryf in die pleitstukke voor die

wysiging nie een en dieselfde party as die versekerde beskryf in die kontrakte, of as Hiljohn Boerdery (Edms) Bpk, was nie.

5.2. Die landdros moes bevind het dat dit inderdaad Double Ring Trading 172 (Edms) Bpk – volgens die argument 'n ander instansie as dié vermeld in die kontrakte - was wat aan De Wet volmag verleen het, maar het in elk geval fouteer deur te bevind dat die volmag aan De Wet die bevoegdheid verleen het om versekeringskontrakte te onderteken..

5.3. Laastens is aangevoer dat die landdros moes bevind het dat daar geen getuienis was dat die respondent sy verpligtinge uit hoofde van die kontrakte nagekom het nie en dat die respondent in elk geval eers verplig was om dekking te verleen nadat die premies betaal is.

6. Die volgende feite was uiteindelik gemenesaak of nooit ernstig in geskil nie:

6.1. Mnr en Me Avenant was die enigste aandeelhouers en direkteure van 'n maatskappy genaamd Double Ring Trading 172 (Edms) Bpk, wat klaarblyklik 'n sogenaamde rakmaatskappy was wat bekom is vir die aankoop van grond in die Friersdale omgewing en vir die bedryf van boerdery daarop. Die wingerde wat die onderwerp van hierdie versekering sou wees, is op die grond geleë.

6.2. Op 31 Augustus 2004 is daar egter 'n naamsverandering geregistreer wat die maatskappy se naam verander het na Hiljohn Boerdery (Pty) Ltd, maar mnr en me Avenant het nog altyd die enigste aandeelhouers en direkteure gebly.

6.3.Op 3 September 2004 en te Upington het daar 'n ontmoeting plaasgevind tussen mnr en me Avenant, aan die een kant, en mnre Van der Westhuizen en Myburgh aan die ander kant (namens die respondent). By daardie geleentheid het mnr Avenant 'n dokument onderteken wat voorgee 'n volmag te wees wat aan De Wet die bevoegdheid sou verleen het om versekeringskontrakte te sluiting namens "*Doubel Ring Trading 172 Mpy*".

Mnr Avenant het ook boerdery bedryf in Namibië en op daardie stadium was hy op die punt om weer met sy vrou te vertrek vir 'n week of twee in Namibië.

6.4.Daar is tydens dié ontmoeting tussen mnr Avenant en mnre Van der Westhuizen en Myburgh ooreengekom dat die oppervlaktes van die wingerde en die verwagte oeste met De Wet geverifieer sou word.

6.5.Op 13 September 2004 het mnr De Wet die drie kontrakte onderteken. Daarin is die versekerde beskryf, deur mnr Myburgh (toe hy dit in handskrif ingevul het), as "*Dubbel Ring Trading 172 Bdy*". Dit was nooit in geskil dat die stukke grond daarin beskryf en die tersaaklike oppervlaktes dié was wat tydens die ontmoeting op 3 September 2004 bespreek is en wat behoort het aan 'n maatskappy waarvan mnr Avenant en sy vrou die enigste aandeelhouers en direkteure was nie.

6.6.Die appellant het nooit enige gedeelte van die premies, wat in totaal 'n bedrag van R177 731,00 beloop het, betaal nie.

7. Wat die wysiging en die beskrywing van die appellant betref, is mnr Joubert, die advokaat namens die appellant, se argumente skynbaar die volgende:

7.1. Dubbel Ring Trading 172 (Edms) Bpk (registrasienommer 95/00123/07) – soos beskryf in die dagvaarding en besonderhede van vordering – is, anders as Double Ring Trading 172 (Edms) Bpk, nie dieselfde regspersoon en entiteit as Hiljohn Boerdery (Edms) Bpk (registrasie-nommer 2004/018526/07) nie.

7.2. Die kontrakte is, *ex facie* dié dokumente, gesluit tussen die respondent en "*Dubbel Ring Trading 172 Bdy*", en nie met Double Ring Trading 172 (Edms) Bpk (soos wat die appellant voor die naamsverandering geheet het) of met Hiljohn Boerdery (Edms) Bpk nie, en ook nie eers met Dubbel Ring Trading 172 (Edms) Bpk, soos wat die appellant aanvanklik in die pleitstukke beskryf was nie.

8. Na my oordeel het dié argumente werklik geen meriete nie. Dit is baie duidelik dat mnr Myburgh, by die voltooiing van die naam van die versekerde in die kontrakte, verkeerdelik in Afrikaans die woord "*Dubbel*" geskryf het in plaas van die Engelse woord "*Double*".

9. Hierdie fout is om ooglopende redes voortgesit toe die respondent se dagvaarding en besonderhede van vordering opgestel is, met die enigste verskil dat toe ingevoeg is die gebruiklike afkortings "*(Edms) Bpk*", in plaas van die afkorting "*Bdy*" wat op die kontrakte ingevul is deur Myburgh (en wat bedoel was om te beteken "*Boerdery*").

10. Die registrasienommer in paragraaf 2 van die besonderhede van vordering is ook 'n ooglopende fout. Dit is nie die korrekte registrasienommer van die maatskappy wat alle betrokkenes bedoel het om 'n party tot, minstens, die onderhandelinge van 3 September 2004 te wees nie.

11. Dit is baie duidelik dat die Avenants die gemelde onderhandelinge gevoer het namens die appellant-maatskappy, en nie namens die een of ander misterieuse ander entiteit nie, en dat mnre Van der Westhuizen en Myburgh met die Avenants in sodanige hoedanighede onderhandel het.

12. Toe De Wet die kontrakte onderteken het, het hy gehandel op sterkte van 'n volmag wat aan hom die bevoegdhede verleen het om te kontrakteer namens "*Double Ring Trading Mpy*", wat die Avenants deur voltooiing en ondertekening van die volmag duidelik bedoel het as 'n verwysing na die maatskappy waarvan hulle die aandeelhouers en direkteure was, en dus 'n verwysing na Double Ring Trading 172 (Edms) Bpk, wat die vorige benaming van die betrokke maatskappy was en dus wel "*een en dieselfde party*" was as Hiljohn Boerdery (Edms) Bpk. Dit is tog vergesog dat hulle, met die invoeging van die afkorting "*Mpy*" in plaas van "*(Edms) Bpk*", kan bedoel het om die volmag te verleen namens 'n ander instansie as juis die een wat die boerdery bedryf het en wat 'n belang in die oeste en die versekering gehad het.

13. Daar is geen suggestie dat daar eers 'n maatskappy soos Dubbel Ring Trading 172 (Edms) Bpk, met 'n registrasienommer soos gepleit in paragraaf 2 van die besonderhede van vordering, bestaan nie en dit is dus blatante, ongefundeerde en opportunistiese bespiegeling om te argumenteer dat daar eintlik kontrakte met so 'n entiteit gesluit kon gewees het.

14. Dit is baie duidelik:

14.1. dat, behoudens wat volg met betrekking tot die volmag, die kontrakte met die appellant-maatskappy gesluit is en dat dié maatskappy se vorige benaming bloot verkeerd gespel is in die kontrakte;

14.2. dat die respondent bedoel het om dié maatskappy te dagvaar; en

14.3. dat dié maatskappy se regsverteenwoordigers dit ook so moes verstaan het, want die verkeerde beskrywing in die dagvaarding en besonderhede van vordering is in die verweerskrif namens die appellant erken (hierdie beskrywing was ook nie presies dieselfde as die verkeerde beskrywing in die kontrakte nie en daar kan dus nie geargumenteer word dat met dié erkenning bloot bedoel is om te erken dat die kontrakte met 'n party soos daarin beskryf, gesluit is nie).

15. Daar is geen manier waarop die wysiging van die respondent se pleitstukke, wat bloot tot gevolg gehad het dat die verweerder wat voor die Hof was korrek beskryf sou wees in die pleitstukke, die appellant kon benadeel het nie. Inteendeel, dit is die Avenants se versuim om op 3 September 2004 die appellant-maatskappy se nuwe benaming in die volmag-dokument te vervat, wat die wysiging genoodsaak het. Hiermee saam moet die erkenning van die foutiewelike beskrywing van die betrokke maatskappy in die dagvaarding en besonderhede van vordering, terwyl die benaming daarvan toe al reeds 'n geruime tyd gelede verander is, gesien word.

16. Die wysiging sou ook in elk geval geen verskil maak aan die argument dat die beskrywing van die versekerde in die kontrakte vertolk moet word om te beteken dat die kontrakte nie met die appellant gesluit is nie, hetsy in sy aanvanklike naam van Double Ring Trading 172 (Edms) Bpk of in sy latere naam van Hiljohn Boerdery (Edms) Bpk nie, maar met 'n totaal ander en onbekende entiteit bekend as "*Dubbel Ring Trading 172 Bdy*".

17. Dit sou ook geen verskil gemaak het aan die verwere rondom die volmag en die respondent se verpligtinge nie.

18. Ons is namens die respondent verwys na heelwat gesag tot die effek dat selfs 'n wysiging wat sou lei tot die vervanging van partye geoorloof sou wees waar dit nie die ander party sou benadeel nie. Ek ag dit onnodig om hierop in te gaan, want in die onderhawige geval is daar geen sprake dat die wysiging kon lei tot die vervanging van partye nie. Dit is duidelik dat dit een en dieselfde regspersoon was wat die volmag verleen het, namens wie die kontrakte onderteken is en wat as verweerder voor die landdros te Kakamas was.

19. Wat die kwessie van die volmag betref, was dit mnr Avenant (die enigste getuie vir die appellant) se getuienis dat, alhoewel hy erken het dat hy die betrokke dokument onderteken het, hy so gedoen het terwyl hy onder die indruk was dat dit bloot aan De Wet "*die volmag gegee het om die oesskatting te bepaal*".

20. Die landdros het by die beoordeling van hierdie getuienis, en van dié van Van der Westhuizen en Myburgh namens die respondent, bevind dat Van der Westhuizen en Myburgh geloofwaardige en onderling stawende getuies was, maar dat Avenant se getuienis

"*onbevredigend, ontwykend en deurspek met onwaarskynlikhede*" was.

21. Daar is na my oordeel geen basis waarop dié bevindinge aangeveg sou kon word nie en mnr Joubert het dan ook nie eers in argument voor ons gepoog om so te doen nie. In die lig hiervan volstaan ek daarmee om te sê dat dit beslis op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys is dat mnr Avenant die betrokke dokument onderteken het met die wete en bedoeling om aan De Wet die volmag te verleen om versekeringskontrakte te onderteken.

22. Op appèl was mnr Joubert se enigste argument in hierdie verband dat, omdat die volmag lees dat De Wet aangestel is as die gevolmagtigde van "*Double Ring Trading 172 Mpy*", dit nie die appellant gebind het nie. Hierdie argument het, indien enigsins moontlik, nog minder om die lyf. Alhoewel dit so is dat die appellant-maatskappy se naam reeds na Hiljohn Boerdery (Pty) Ltd verander was enkele dae voordat dié volmag verleen is, was dit die twee aandeelhouers en direkteure daarvan wat, deur onderskeidelik die vorige benaming in die dokument in te vul en dit so te onderteken, vir Van der Westhuizen en Myburg onder die indruk gebring het dat dit steeds die maatskappy se korrekte benaming was.

23. Hulle, soos waarskynlik ook De Wet by ondertekening van die volmag op 13 September 2004, het heel moontlik tydens die onderhandelinge van 3 September 2004 nog nie eers self geweet dat die naamsverandering pas geregistreer was nie. Selfs op mnr Avenant se eie weergawe was sy bedoeling egter wel om die appellant-maatskappy (onder watter benaming ookal dan) te bind met die volmag (weliswaar op sy weergawe slegs vir die

doeleindes van 'n oesskatting, en nie vir kontraksluiting nie). Hy het dus selfs op sy eie weergawe nooit gemeen om die dokumente namens enige ander entiteit as die appellant te onderteken nie.

24. Om toe te laat dat die appellant nou teen hierdie agtergrond aanspreeklikheid ontsnap op die basis dat die benaming daarvan verkeerd ingevul is in die volmag-dokument wat deur sy eie direkteur ingevul is, sou totaal onbillik wees en teen enige persoon se regsgevoel indruis.

25. Dieselfde geld wat betref die beskrywing van die versekerde in die versekeringskontrakte (vergelyk **Karoo Vleisbeurs Bpk v Nortje** 1984 (2) SA 31 (T)). Daar was duidelik tydens die onderhandelinge en die ondertekening van die kontrakte by niemand enige twyfel dat dit die appellant-maatskappy was wat 'n party daartoe was en sou wees nie en die spelfout in die vorige benaming, die gebruik van die vorige benaming en die weglating van die "*(Edms) Bpk*" in die kontrakte was eintlik teen hierdie agtergrond irrelevant (sien **Hillview Properties (Pty) Ltd v Strijdom and Another** 1978 (1) SA 304 (T) en **Sechold Financial Services v Gazankulu Development Corporation Ltd** 1997 (3) SA 391 (A) op 403B-404D).

26. Ek vereenselwig myself volkome met MacDondald HR se woorde in **Le Grand v Carmelu (Pvt) Ltd** 1980 (1) SA 240 (ZR AD) op 242F-G dat:

*"a civil trial is not to be allowed ... to degenerate into a contest on technical and wholly academic points which obscure and even frustrate a trial on the real issues."*

27. Dit bring my dan laastens by mnr Joubert se argumente dat daar geen getuienis is tot die effek dat die respondent sy verpligtinge

nagekom het nie en dat die respondent se verpligting om dekking te verleen in elk geval eers sou ontstaan het nadat die premies betaal is. Ook in hierdie argumente is geen meriete hoegenaamd nie.

28. Dit was die onbetwiste getuienis namens die respondent dat die respondent van 08:00 op die tweede dag na die voltooiing en die ondertekening van die kontrakte op risiko was vir haelskade aan die oeste. Hierdie getuienis was in ooreenstemming met die inhoud van sowel die volmag-dokument as die kontrakte (polisse). Die vestiging van die risiko in die respondent, en die respondent se kontraktuele onderneming om vanaf daardie stadium aanspreeklikheid te aanvaar vir haelskade, het die respondent se kant van enige moontlike wedersydse verpligtinge uit hoofde van die kontrakte uitgemaak (sien **The Law of South Africa: Joubert**, volume 12, eerste heruitgawe, paragraaf 250).

29. In klousule 5 van die polis, wat spesifiek getitel is "*Aanvang van dekking*", is ook uitdruklik so ooreengekom, sonder enige verwysing na wanneer die premie betaalbaar sou wees, en in klousule 7 is voorsiening gemaak vir rente op laat betaling van premies, wat geen sin sou gemaak het as die versekeraar se verpligtinge in elk geval ook nie sou ontstaan het voor die betaling van die premies nie.

30. Die bewoording van klousule 5, wat lui dat die versekeraar dekking sou verleen "A*s teenprestasie vir 'n versekeringspremie* ..." kan in konteks van dié bepalings nooit vertolk word om te beteken dat die versekeraar se verpligtinge nie sou ontstaan voordat die premie betaal is nie.

31. Die feit dat die premie in terme van die kontrak in kontant betaalbaar was, doen geen afbreuk hieraan, of aan die onbetwiste getuienis dat die respondent, ten spyte daarvan dat die premies eintlik dadelik by ondertekening betaalbaar geraak het, as standaardprosedure 45 dae grasie verleen het vir die betaling daarvan, nie. Dit is juis vir dié doel dat dit nodig was vir die respondent om van die appellant se bankiers die versekering te kry dat daar fondse sou wees om die premies te betaal. Ook dit sou totaal onnodig gewees het as die respondent se verpligtinge as versekeraar in elk geval nie sou ontstaan totdat betaling van die premies ontvang is nie.

32. Daar is dus doodeenvoudig geen basis, hetsy in die getuienis of regtens, vir dié argumente van mnr Joubert nie.

33. Daar is geen kritiek teen die landdros se kostebevele geopper in die gronde van appèl of in argument nie.

34. Dit volg dus dat ek van oordeel is dat die appèl afgewys behoort te word. Daar is geen rede waarom die koste van die appèl nie die uitslag daarvan behoort te volg nie en dit is ook nie betoog nie.

35. Die volgende bevel word dus hierin gemaak:

**Die appèl word afgewys met koste.**

---

**C J OLIVIER**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

Ek stem saam:

**P M MABUSE**
**WAARNEMENDE REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

| | |
|---|---|
| Nms Applikant/Eiser: | Adv Joubert |
| In opdrag van: | Elliot Maris Wilmans & Hay, KIMBERLEY |
| | |
| Nms Respondent: | Adv D M Grewar |
| In opdrag van: | Engelsman Magabane Ing, KIMBERLEY |